**29 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-6**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:6**

## Meer as versoendes

Mense sê soms: *Deur my geloof is ek met God in Christus versoen, nou is ek kind van God. As kind van die Vader is ek versorg, en is ek boonop op pad na 'n ewige nuwe lewe by God Drie-enig. Ek het niks meer nodig nie!*
Is dit al waarvoor Christus vir ons gesterf en opgestaan het? Hoe wonderlik *versoening*, *kindskap van God* en die *ewige lewe* ook al is, Christus skenk ons in sy oneindige liefde en mag *veel meer* as bloot versoening. Christus maak van ons nuwe mense, mense soos Hy. Oordink weer vers 6: *Wie beweer dat hy in Hom* (Christus) *bly, behoort self ook te lewe soos Jesus leef.*
Wat beteken dit? Hoe *bly* ons in Christus en hoe kry ons dit reg om soos Christus te *leef*? Johannes help ons baie prakties, konkreet. Hier is sy riglyne:

- Laat die Heilige Gees jou voortdurend *sonde-insig* gee, want uit onsself het ons dit nie. Bely dán jou oortredings en vra Christus om jou te reinig (1:7; 2:2). Reiniging is 'n daaglikse saak. Die woord *reinig* staan in die teenwoordige tyd, dus 'n daaglikse proses.
- Groei in jou *heiligmaking,* deur alle sondes te haat en te ontvlug (2:1).
- Wees lief vir God en sy Woord (2:3, 4). Gehoorsaam die totale Bybel. Geloof sonder Bybelse moraliteit is 'n leuen (2:4). Leef daaglikse in 'n intense, oop verhouding met God Drie-enig, sodat Satan geen vatkans (*blyplek*) in jou lewe kry nie.
- Die resultaat: God het *sy doel in jou lewe bereik* (2:5) en *jou blydskap het volkome geword* (1:4).

'n Geseënde jaareind toegebid!

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2* *Dr. NP Heystek (Emeritus)*